

## Sing vooraf staande: Psalm 18:9 (p. 74)

- 9 Sy hand het Hy van bo gestrek, / gegryp, uit dieptes my getrek,  
my vyande, te sterk vir my, / gebreidel in hul raserny.  
Hul 't aangestorm. 'n Dag van nood! / Maar God, my helper, was naby;  
in ruimtes is ek uitgelei, / want sy behae in my was groot.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm 33:2 (p. 157)

- 2 Sing nuwe sange, nuutgebore / uit aandrif van die skoonste kuns;  
trompetgeklank deur tempelkore / moet danksê vir Gods nuwe guns.  
Wat ons toegeseg is / in Gods Woord wat reg is, / het ons hart verbly;  
en Gods almagsmerke / sien ons op sy werke – / waar en reg soos Hy.

## Geloofsbelydenis Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid 'n nuwe lewe met Psalm 119:62 (p. ).*

Wet

## Psalm 119:62 (p. 598)

- 62 Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek / en hoe sug ek diep en swaar  
na die heil wat U beloop het, / na u kennis wonderklaar!  
Laat my leef; o HEER, dan loof ek! / Laat niks my die heil ontroof!  
Laat u oordeel my tot hulp wees! / Laat my lewe om te loof!

## Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*

*Vergifnis:*

- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

## Psalm 145:3, 8 (p. 696)

- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,  
daarom prys ons u wêrk, u daad van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.
- 8 U magdaad blink – 'n son aan die gewelf! / U koninkryk is ewig soos Uself.  
Tog help U, HEER, wie hier voor onheil swig, / wie neerstort, word deur U weer opgerig.

Skriflesing: 2 Kronieke 20

Teks: 2 Kronieke 20:15c

**Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is  
nie julle saak nie, maar die saak van God.**  
(2 Kronieke 20:15c AFR1953)

Ons moet die groot genade van die Here oor ons besef, naamlik dat onself teen die sonde en al die  
werke van die duiwel verloor het, maar dat ons tog verlos en gered word omdat iemand anders vir  
ons die saak afgehandel het.

- Dit is omdat die hele saak van ons verlossing 'n saak is wat God sy eie gemaak het.

- Daarom is die Here Jesus Christus gebore, het Hy gesterf en opgestaan uit die dood en hemel toe gevaar.

Ons is deur die Here in 'n nuwe jaar ingestuur om te leef en te werk tot sy eer. Ons benader roeping vir die volgende jaar vanuit die gebeure rondom die inval in Juda en Josafat se reaksie daarop:

1. **In die geskiedenis gee die Here voorbeelde van hoe die kerkgeskiedenis in sy geheel lyk.**
2. **Die Here openbaar ons totale afhanklikheid van Hom.**
3. **Die Here openbaar die grootheid van sy persoonlike verlossing oor ons.**

**1. In die geskiedenis gee die Here voorbeelde van hoe die kerkgeskiedenis in sy geheel lyk.**

Iets van die gelowige mensdom wat deur die Satan en die magte van die hel aangeval en bedreig word, kry ons terug in die omstandighede waarin Josafat en sy volk was.

- Enersyds is die volk beeldend van die gelowiges in hulle stryd teen die donker magte,
- maar verder is Josafat in sy optrede ook weer beeldend van die gesindheid en optrede van die ware gelowige in sulke tye.

Josafat en sy volk is aangeval deur die Ammoniete en die Moabiete en die mense wat in die berge van Seir gebly het.

- Moses het die Israeliete tydens die uittoeg uit Egipteland om hierdie volke se grondgebied laat trek en gekeer dat die Israeliete hulle verdelg.
- Die aanvallers was 'n eenaardige kombinasie, want hulle was almal mense wat self vroeër bande met die Here gehad het.
- Hulle was nasate van Lot, Abraham se nefie.

Hierdie volke het ook iets gemeen met die duiwel, want hy het ook baie naby bande met God gehad.

- Die duiwel was nie altyd sleg nie. Hy was 'n baie hooggeskape engel wat uit sy eie teen God in opstand gekom het, en toe sleg geword het.
- Hy het so sleg geword dat hy, na sy nederlaag in die hemel, die mense op die aarde aangeval het om hulle ook tot opstand en ongehoorsaamheid teen God aan te hits.

Josafat het geweldig bang geword toe hierdie magte teen hom opgeruk het.

- Word ons nie ook bang vir magte wat ons lewe en ons geloof bedreig nie?
- Josafat het in sy vrees na die Here toe gegaan en gebid.

Josafat het begin om die almag van die Here te bely. **HERE, God van ons vaders**, bid hy.

- *HERE* is die verbondsnaam van die Here. Dit is die vertrekpunt van Josafat se gebed.
- Dit is baie belangrik dat ons sal onthou dat die verbondsnaam van die Here sy soewereiniteit beklemtoon, want sy verbond is juis die bevestiging van sy uitverkiesing en van sy absolute beskikking oor alle mense.

*Josafat bely die krag en die sterkte van die Here, maar op so 'n manier dat hy heel eerste die oneindigheid daarvan beklemtoon: U is die God van die hemel en U is die Heerser oor al die koninkryke en die nasies.*

God regeer oor alle volke en oor letterlik alle nasies.

- Uit hierdie man se gebed is dit so helder en duidelik dat hy glo dat die Here hom op enige plek en op enige tyd kan verlos,
- ook van die groot vyandelike mag wat besig is om op te ruk, want die Here se krag is onkeerbaar.

Dit is belangrik dat ons in ons tyd weer aan hierdie belydenis moet aandag gee. Want dit is net moontlik dat die sekerheid van hierdie ontsaglike ernstige belydenis van God se grootheid en oneindige magsvermoë by ons verbygaan en dat ons dit nie meer besef vir wat dit is nie.

Daarna bring Josafat die belydenis van God se oneindige almag nader na sy volk toe as hy wys op die persoonlike band wat daar tussen die Here en hierdie volk is.

- Die dinge kom duidelik na vore in dit wat Josafat bid: Die Here het Hom in 'n besondere verhouding tot die Israeliete (Juda) se gelowige voorgeslagte gestel.
- Daarom noem Josafat die Here **ons God** en homself en sy mense **U volk** (v. 7 en 12).
- Daarmee bely hy dat hy vas glo dat dit die Here is wat die land Kanaän vir hulle gegee het.
- Hy bely ook verder (v. 7) dat dit die Here is wat die destydse inwoners van die land Kanaän verdryf het sodat die nasate van Abraham in die land kon woon.

Josafat herhaal in hierdie gebed van hom sekere dinge uit die gebed wat Salomo gebid het toe hy die tempel wat hy gebou het, in gebruik geneem het.

- Josafat verwys byvoorbeeld in vers 8 daarna dat die volk in hierdie land wat die Here vir hulle gegee het, 'n heiligdom gebou het tot eer van sy Naam.

Josafat bid met volle geloofsvertroue.

- Hy is baie seker dat die Here hierdie volk sal help, want hy maak die uitspraak dat die Naam van die Here in daardie tempel woon wat Salomo gebou het.
- Hy weet dat die Here die volk sal red wanneer hulle voor daardie tempel bymekaarkom – dit maak nou nie saak of dit oorlog, straf, pes of hongersnood is wat hulle bedreig nie.

Dit is 'n interessante lysie wat Josafat maak van al die dinge wat moontlik met hulle kan gebeur, want

- daar is dinge wat van buite af kom, soos oorlog,
- maar daar is ook dinge wat van binne af kom, soos byvoorbeeld die straf van die Here.

Wat uiters belangrik is, is dat die oplossing en uitkoms vir al hierdie dinge op presies dieselfde plek te vind is, naamlik by die Here:

**...sal ons voor hierdie huis en voor U aangesig gaan staan ... en sal ons U aanroep uit ons benoudheid dat U kan hoor en verlos** (2 Kronieke 20:9 AFR1953)

Ons het nie meer 'n tempel waarheen ons gaan omdat die Here daarin woon nie, maar ons het baie meer genade:

- Ons mag kragtens die verdienste deur Jesus Christus bid waarvandaan ons wil, want in sy verdienste mag ons voor die troon van God die Vader verskyn.
- Ons mag ook weet dat ons gebede verhoor sal word op grond van sy soenverdiens aan die kruis. Jesus se geboorte is juis al die bewys daarvan!

## **2. Die Here openbaar ons totale afhanklikheid van Hom.**

Menslik gesien het Josafat teen 'n geweldige oormag gestaan.

- Uit eie kragte sou hy en sy soldate nooit militêr weerstand kon bied of selfs kon oorwin nie – hy bely dit ook, want hy kla by die Here dat hierdie mense van Ammon en Moab die besittings wat die Here vir Israel gegee het nou van hulle wil afneem.
- Hy kla ook dat hulle **geen krag is teen die groot menigte** wat teen hulle gekom het nie.
- Dit is ook waarom hy so bang geword het, want sy angs was omdat hy besef het dat hy en sy volk verslaan en vernietig gaan word en dat hulle hulle land gaan verloor.

Wat sê 'n mens onder sulke omstandighede, en wat doen jy?

- Josafat pleit by die Here dat die Here die stryd teen die vyand moet oorneem:

**Onse God, sal U nie teen hulle strafgerig oefen nie?**

(2 Kronieke 20:12a AFR1953)

- Sy baie diepe afhanklikheid van die Here kom nog meer na vore as hy vir die Here motiveer waarom die Here vir hulle die stryd teen die vyand moet veg:

**...en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U.**

(2 Kronieke 20:12b AFR1953)

Hier kom ook nog iets anders na vore, en dit is dat Josafat meen dat die sonde van die vyande eintlik teen die Here gedoen word.

- Die onregmatige optrede van landroof wat deur die ongelowiges gepleeg word, is in wese 'n misdryf teen God self.
- Gesien die feit dat die verbondsvolk (dis Josafat en sy mense) nie die saak kan regstel, soos wat dit behoort te wees nie, versoek hy nou die Here dat die Here dit self doen.
- Dis eintlik die Here se saak, en daarom bid hy dat die Here tog moet ingryp, want die Here se eer is op die spel.

Die afhanklikheid aan die Here word nie net deur Josafat alleen bely nie.

- Die hele volk het opgegaan tempel toe en het in hulle massas as 'n eenheid voor die Here verskyn.
- Luister na vers 13:

**En die hele Juda het voor die HERE gestaan, ook hulle kinders, hulle vroue en hulle seuns.** (2 Kronieke 20:13 AFR1953)

Die volk het dus almal saam met Josafat bedoel wat hy gesê het toe hy in sy gebed bely het: **ons is oë op U.**

- Waarom kyk hulle op na die Here toe?
- Omdat die Here sterk is – teenoor hulle eie kragteloosheid.

Daar sit iets meer in as net dat die volk na die tempel toe gegaan het. Hulle het **voltallig** gegaan.

- Almal het hulle afhanklikheid aan die Here gaan bely.
- Elke gesin was daar – en nie net party lede van die gesin nie:
  - Elke man het gesorg dat sy vrou en elke kind van hom daardie dag daar by die tempel voor die Here gaan staan het.
  - 'n Belydenis van totale afhanklikheid en oorgawe aan die Here.

### **3. Die Here openbaar die grootheid van sy persoonlike verlossing oor ons.**

Terwyl die hele volk daar in die diens bymekaar was, het die Here Hom aan hulle geopenbaar. Jagasiël het begin profeteer.

**Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God.** (2 Kronieke 20:15 AFR1953)

Die volk moes die volgende dag net teen die vyande optrek.

- Hulle is uitdruklik verbied om te veg.
- Hulle moes net daar gaan staan en kyk hoe die Here die redding aan hulle gee.

Wat toe gebeur het was dat die vyand die nag in drie groepe verdeel het en hinderlae opgestel het en die Israëliete ingewag het.

- Die bewegings van die drie groepe het iewers deurmekaargeraak en hulle het mekaar om die beurt aangeval en uitgeroei.
- Die Ou Vertaling sê dat hulle mekaar in die verderf gehelp het.

Die Bybel is baie duidelik daaroor dat die mense van Juda nie aan die geveg deelgeneem het nie, sodat niemand iewers kon sê dat hulle die vyand verslaan het nie.

- Die Here laat dit neerskryf in vers 24 dat toe die mense van Juda die volgende môre op die wagkop aangekom het, toe sien hulle dat die hele vlakke vol dooie mense lê.
- Dis was nogal erg, want die Bybel sê dat daar nie een vryekom het nie.

Waar het die verlossing begin? By die vlakke vol dooie mense wat mekaar uitgemoor het omdat die Here hulle planne verwar het?

- Nee – dit was die gevolg van die verlossing van die Here.
- Dit het begin toe die Heilige Gees gesê het: **Wees nie bevrees of verskrik nie!**

Die Here het jare later die engel Gabriël gestuur om na Nasaret toe te gaan na 'n jongmeisie met die naam Maria. Toe hy haar gegroet het, was sy ook baie bang en toe het hy ook gesê:

**Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind.** (Lukas 1:30 AFR1953)

In haar verbystering het sy die boodskap gesit en aanhoor dat die verlossing vir die mensdom daar was.

- Die Seun van die Allerhoogste sou uit haar gebore word, en sy moes Hom Jesus noem.
- Die engel het gesê dat Hy Koning sou wees tot in ewigheid en dat aan sy koninkryk geen einde sou wees nie (Lukas 1:26-35 AFR1953).

Die nag toe die Here Jesus gebore is, het daar 'n engel aan die herders verskyn wat ook gesê het: **Moenie vrees nie!** toe hy aangekondig het dat Christus die Here gebore is.

- Net soos Josafat en sy volk het hierdie skaapwagters die tekens van die oorwinning gesit en bekyk. Die hemele het oopgebreek en 'n menigte hemelse leërskaare het God geprys en gesing:

**Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde in die mense 'n welbehae!** (Lukas 2:14 AFR1953)

Wat was die herders se reaksie?

- Die Here het hulle dadelik in beweging gebring.
- Hulle het nie net daar bly sit en gewonder oor alles nie.
- Hulle het dadelik opgestaan en na die gebore Verlosser gaan soek en hulle het God verheerlik en geprys.
- Hulle geloof het hulle liggame in aksie gebring om God te loof en te prys.

Dieselfde ding het Josafat en die volk van Juda oorgekom.

- Ons lees dat Josafat en die hele volk voor die Here gestaan het (v. 13).
- Maar nadat die Heilige Gees deur die profeet die verlossing en uitredding openbaar gemaak het, het Josafat na die aarde toe neergebuig in aanbidding, maar die res van die volk het sommer plat op hulle gesigte op die grond neergeval in aanbidding (v. 18).
- Die Nuwe Afrikaanse vertaling stel dit meer statig:

**Toe kniel Josafat, en al die mense van Juda en Jerusalem het voor die Here gebuig en Hom eer betoon.**

Uitdruklik staan daar in vers 3 dat Josafat 'n vasdag uitgeroep het oor die hele volk.

- Kom ons begin ook die nuwe jaar met opregte berou en verootmoediging in ons oor al ons sondes, maar veral ook met 'n bevestiging van ons geloof in en vertrouwe op die Here – soos Josafat.
- Soos Josafat bely ons die Here. Maar omdat ons 'n voller openbaring van die Here af ontvang het as hy, bely ons God Drie-Enig.
- In hierdie jaarwending bely ons in die besonder God die Seun wat gekom het om ons van al ons sondes te verlos en om vir ons 'n ewige volmaakte lewe te voorsien. Ons bely Hom as die soewereine God tot in alle ewigheid.

Ons herdenk met die jaarwending dat die Here ons verlossing sy saak gemaak het.

- Ons bely voor die Almagtige God ons sondes en ons eie onvermoë om die duiwel te kan oorwin.
- Ons bely dat ons die lyding van die hel geweldig vrees.

Maar ons dank die Here dat Hy ons waardig ag om nog 'n jaar te mag lewe tot sy eer.

- Ons onderneem teenoor die Here dat ons dit ons saak sal maak dat ons sy Naam en sy lof voor alle mense sal bely met woord en daad.
- Ons bely voor die almagtige God dat ons Hom ken as God van absolute waarheid – en ons onderneem om Hom hierdie jaar met lewens van eerlikheid te aanbid en te dien.

Bo alles dank ons God dat sy Seun gebore is om in elkeen van ons se plek voor die geweldige toorn van God oor ons sondes te buig.

- Ons dank God dat juis hierdie daad van sy goedheid ons verander sodat ons die kwaad in die lewe verag en dit van ons af wegstoot sodat ons ons Here in sy heiligheid wil volg.
- Mag die genade van God ons in hierdie geloof en geloofswerke dra tot in die ewige lewe.

Ons bely voor Hom ons diepe afhanklikheid van sy genade en die verlossing wat Hy vir ons bewerk het.

- Ons dank Hom dat Hy ons sondes met God versoen het sodat ons mag weet dat die boodskap om nie te vrees nie vir ons ook geld.
- Ons dank die Here dat ons ook soos Josafat en sy volk oorwinnaars mag wees omdat ons geveg teen die duiwel en al sy werke God se saak is.

**Amen.**

Slotgebed

Skrifberyming 2-2:1 (34:1)

- 1 Die HEER is God, 'n eenge HEER; / die HEER is God, en niemand meer. / Erken dit, alle volke,  
van waar die sonlig smôrens blink / tot waar dit in die purper sink / van sagdeurglansde wolke.  
Die HEER is God, want Hy formeer / die dag en nag wat wend en keer / na sy verordeninge.  
Hy bring die heil en onheil voort, / hul luister na sy almagswoord – / die HEER doen al die dinge.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**